# Eskom klap hulphand weg

## Sloer met ooreenkomste met dié kragprodusente

Jana Marais, Johannesburg

Eskom sal moet wakker skrik en uitstaande kwessies met onafhanklike elektrisiteitsprodusente (IPP's) opklaar sodat Suid-Afrika nie weer met elektrisiteitstekorte sit wanneer die ekonomie herstel nie, sê mnr. Geoffrey Qhena, uitvoerende hoof van die Nywerheidsontwikkelingskorporasie (NOK).

Eskom kan nie alleen op lang termyn in die land se behoefte aan elektrisiteit voorsien nie, maar verskeie IPP's wat groot kragopwekkingsprojekte beplan sukkel om koopooreenkomste met Eskom te teken. Ingevolge die huidige wetgewing moet alle elektrisiteit wat deur IPP's opgewek word, aan Eskom verkoop word.

Die vertragings met die koopooreenkomste tussen Eskom en IPP's is "iets wat ons ook bekommer", sê Qhena, maar "ons sal aanhou om met Eskom te onderhandel. As ons wil hê Suid-Afrika moet voordeel trek uit groei wanneer die ekonomie herstel, sal ons gereed moet wees (wat kragverskaffing betref)."

Die NOK, wat IPP's en groenenergie as 'n sleutelbedryf beskou om beleggings te lok en werk te skep, het in die afgelope boekjaar 'n belegging van meer as R1,2 miljard in 'n IPP-projek goedgekeur. Hy ondersoek ook moontlike beleggings in 'n windenergieplaas wat 500 MW sal opwek, 'n geïntegreerde steenkoolmyn en 'n elektrisiteitsprojek in Botswana.

"Op lang termyn kan Eskom nie aan die vraag na elektrisiteit voldoen nie. Daarom moet gekyk word hoe IPP's aangemoedig en ondersteun sal word; daar moet ruimte wees vir hulle," sê Qhena. Die kabinet het reeds in 2003 besluit dat 30% van Suid-Afrika se elektrisiteit op lang termyn deur IPP's verskaf moet word.

Hoewel die krisis van 2008 die noodsaak van bykomende rolspelers in die mark benadruk het, is nog bitter min gevorder met die ondertekening van koopooreenkomste.

Ipsa, 'n IPP wat in 2007 in Newcastle begin het met die opwekking van elektrisiteit wat hy aan nywerheidskliënte gelewer het, moes byvoorbeeld sy bedrywighede tydelik staak omdat hy nie 'n langtermynkoopooreenkoms met Eskom kon sluit nie.

Dit plaas die groep se kontantvloei en voortbestaan onder geweldige druk en het hom genoop om verskeie ander kragprojekte uit te stel, onder meer 'n steenkoolprojek en kragsentrale in die Oos-Kaap, wat sowat 500 MW sou opwek.

"Dit was 'n baie frustrerende tydperk. Suid-Afrika se behoefte aan nuwe opwekkingsvermoë word beklemtoon deur voortdurende kragonderbrekings in baie dele van die land; die owerhede is al verplig om ooreenkomste met ander lande in die streek te sluit om ononderbroke kragvoorsiening te verseker gedurende die Wêreldbeker-sokkertoernooi in 2010. Ons Newcastle-aanleg wag al sowat 'n jaar terwyl die toekenning van 'n langtermyn-koopooreenkoms sloer weens vertragings buite ons beheer," het mnr. Stephen Hargrave, voorsitter, einde Junie gesê met die bekendmaking van die groep se resultate.

Ook CIC Energy, wat die Mmabula-projek in Botswana ontwikkel met die doel om aanvanklik sowat 1 200 MW elektrisiteit aan Botswana en Suid-Afrika te lewer, sukkel om 'n finale ooreenkoms met Eskom te sluit. Dié ooreenkoms is noodsaaklik om die finansiering van sy projekte af te handel om einde vanjaar met konstruksie te kan begin.

CIC Energy se aanbod is reeds deur Eskom se formele prosesse en is op 18 Junie aan Eskom se direksie voorgelê vir goedkeuring. Die vertraging om ’n finale antwoord te kry is glo toe te skryf aan onderhandelinge tussen Eskom en die regering, het CIC Energy gesê.
’n Regeringsaankondiging oor die rol en verantwoordelikhede van Eskom wat betref die IPP’s sal “binne die volgende weke” gedoen word, het me. Dipuo Peters, minister van energie, einde Junie in haar begrotingsrede in die parlement gesê.
Qhena sê dit is belangrik dat die uitstaande kwessies oor prysvasstelling en die verhoudings tussen IPP’s en Eskom eers opgelos word voordat gekyk word na die moontlike oopstelling van die elektrisiteitsmark vir ander rolspelers om regstreeks aan kliënte krag te lewer. “Dit sal reuse-implikasies vir die mark hê. Eskom se tariefstruktuur laat byvoorbeeld toe dat mense wat nie krag kan bekostig nie, gesubsidieer word. Kom ons los eers die prys- en verhoudingskwessies op voor ons die mark oopstel,” sê hy.

"Hierdie berig is n presiese weergawe van die berig wat in die koerant verskyn het. Regstellings rakende die berig is moontlik n□ie publikasie daarvan gedoen. Soek asseblief in die argief en/of ander nuusbronne vir moontlike regstellings om die nuutste inligting te bekom."
"This article represents the text exactly as it was published